durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

28 April 2019




**28 April 2019**
**Preekreeks TRINITEIT: SEUN**

09:00 **Familiediens**
Ouditorium
*Ds. Eric Swanepoel*

**Deuroffer: Borg-'n-Kamer**

**5 Mei 2019,**
**Preekreeks TRINITEIT: SEUN**

08:15 **Klassieke diens**
Ouditorium
*Ds. Kobus de Jager*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

10:00 **Informele diens**
Ouditorium
*Ds. Kobus de Jager*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

18:00 **@6 Diens**

**Deuroffer: Arbeidsbediening**

## NUUS:

1 Mei: Amazing Race Uitreik
5 Mei: Doop
7 Mei: Identiteit In Christus kursus skop af
9 Mei: Seniorsorg Toerusting
12 Mei: Moedersdag
13-17 Mei: WK Sinodesitting

## … heerser, houvas, hulp …

**Eienskappe van Jesus**

**Sy heerskappy**
Hy moet as koning heers totdat die Vader al sy vyande aan Hom onderwerp het. **1 Korintiërs 15:25**

Hy is die Here wat oor die ganse skepping en oor sy kerk regeer. Jesus regeer reeds en sal aanhou heers van sy troon af totdat Hy kom om sy vyande en joune te vermorsel. Dit is die antwoord op die boosheid en onreg in die wêreld wat nou in jou kop spook en jou hart laat huil.

**Sy houvas**
Ek gee hulle die ewige lewe en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie. **Johannes 10:28**

Jesus sal die goeie werk wat Hy in jou begin het, voortsit. Jy sal bly glo. Dit sal verewig hou, nie omdat jy so toegewy is nie, maar omdat Jesus so getrou is. Hy gaan nie toelaat dat jy verlore gaan nie. Gewer van die lewensgawe, wat oor alle mag beskik, hou jou in sy hand.

**Sy hulp**
Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie. Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word. **Hebreërs 4:15-16**

Jesus het belowe om jou te help, hy help die wat na hom toe kom. Hy help diegene wat hulle hande in geloof uitstrek. Hy gee wysheid aan die wat vra. Hy gee krag aan die wat smeek.

**Hoe bid ons? –** Bid tot Jesus, die Messias, ***Mashiag***.

"Andreas, die broer van Simon Petrus, was een van die twee wat dit van Johannes gehoor en vir Jesus gevolg het. Daarna het hy eers sy broer Simon gaan soek en vir hom gesê: "Ons het die Messias gekry!" Messias beteken Christus." **Johannes 1: 40-41**

"Maar julle," het Hy gevra, "wie, sê julle is Ek?" Simon Petrus het geantwoord: "U is die Christus, die Seun van die lewende God." **Matteus 16:15-16**

**Hoe luister ons? –** Bid oor die volgende vrae:

- Wat leer die naam ***Messias*** vir my van Jesus?
- Wat leer die naam ***Messias*** vir my van myself?
- Wat kan ek nou gaan doen, omdat ek Jesus se naam ***Messias*** beter verstaan?

**Hoe leef ons?**
Vraag 1 (Sy heerskappy): In die Kerk is dit soms maklik om te belei dat Jesus steeds in beheer is, maar in die wêreld buite die kerk se mure lyk dinge soms anders. As ons die koerant op maak of selfs die nuus kyk, gebeur dit maklik dat jy kan begin wonder of Jesus regtig nog in beheer is van alles wat rondom ons gebeur. Wat is daar in jou lewe wat jou laat wonder of Jesus steeds ten volle in beheer is? Deel ook 'n ervaring met die groep waar die Here vir jou iets van Sy almal en Heerskappy persoonlik laat ervaar het.

Vraag 2 (Sy Houvas): Slegte omstandighede is die eerste ding wat maak dat gelowiges

**VERVOLG OP BLADSY 3**

# Vanuit die Uitreikkantoor ...

Skakel Annamaré by (021) 976 4106 uitbreiding 103, as jy betrokke wil raak by uitreikprojekte of e-pos na uitreike@bergsigdv.co.za

## Bergsigprojekte op ons voorstoep




**WONDER JY OOR ONS UITREIKBEDIENING?**

Kleingroepe, families, senior Bybelstudiegroepe kom wees deel van die Amazing Race op 1 Mei 9:00 tot 12:00.

Hierdie ontdekkingsreis gaan prettig wees, maar jou meer leer oor waar Bergsig se Geloofsgelofte-Offergelde spandeer word.

Kom word prakties deel van die ervaring.

**Amazing Race:**

Wat is dit? Die Amazing Race, is 'n pretroete wat gery gaan word om fondse in te samel vir Geloofsgelofte-Offers (GGO). Die hoofdoel is dat gemeentelede meer te wete kan kom oor Uitreikprojekte en ook fisies vier van ons projekte kan sien op hierdie roete.

Die duur van die reis is omtrent so 3 ure (9-12) en in totaal 50km. Dit gaan afskop by die kerk en ook weer eindig by die kerk.

'n Inskrywingsfooi van R100 word gevra. Die deelnamer kan self besluit aan watter projek in die GGO boekie sy inskrywingsgeld oorbetaal moet word.

Daar sal 'n keuse van vier verskillende roetes wees. Jy gaan een ry. Daar is pryse te wen - by elke uitreikpunt sal daar 'n vraag of twee gevra word, waarvan die inliging in die GGO boekie beskikbaar sal wees. Die antwoordblaaie word ingehandig by die eindpunt.

Verversings, wat 'n klein middagete soos 'n boereworsrol kan insluit, sal by die eindpunt te koop aangebied word.

Alle fondse wat ingesamel word die dag, gaan ten bate van projekte wat deur ons ondersteun word.

Om in te skryf kontak:
uitreike@bergsigdv.co.za

## Zithulele besoek Oos-Kaap

Bergsig, Durbanville en Kenridge NGK gaan weer na Zithulele toe. Ons is in 'n vennootskap om saam met Zithulele VGK te werk om die gemeenskap in vakansietye te dien. Ons dien op drie praktiese maniere:

- Instandhouding van die pastorie.
- Winterskool vir die graad 11's en 10's by Seaview Hoërskool in spesifiek Wiskunde, Natuurwetenskap, Lewenswetenskap (Biologie) asook Engels.
- Verhoudingsbou deur o.a. huisbesoeke en hospitalbesoeke.

**Vinnige feite:**

- Koste R3000 pp.
- Vertrek: 15 Junie 2019, 04:00 vanaf NG Kenridge.
- Terugkoms: 23 Julie 2019, ±18:00 by NG Kenridge.
- Hoërskool leerders & jong volwassenes leer baie uit die vakansie bediening.

Kontak Ds. Wynand Breytenbach vir meer inligting
071 640 9797

**INcontext** as Christene bid ons ook saam vir die wêreld, daar waar ons self nie kan wees nie.
Ons bid die week vir Sri Lanka na die bomaanvalle.
Ds. Eric Swanepoel wat vandag hier preek is werksaam by INcontext. Hy was voorheen predikant by Bergsig en is nog verbind aan ons Gemeente.
Besoek die Internasionale "hot spot" gebedsbord in die binnehof en bid saam vir die geteisterde lande.



## Voorbidding

*Bel Ds. Mizelle by 083 394 1101 om deel van die gebedsketting te word of e-pos na: ds.mizelle@bergsigdv.co.za*

# Knieltyd

| | | | |
|---|---|---|---|
| Wouter Grové (13 jaar oud) | Lesliesingel 71, 021 982 7322 | Op waglys vir | Herstel en bemoediging |
| Henk Laker en gesin | Kapokbergsingel 42, 082 407 1222 | Moeder oorlede | Troos en bemoediging |
| Amanda Bleuler | Cabernetslot 21, 021 9761659 | Man oorlede | Troos en bemoediging |
| Lettie Roode | Waterbokstr. 26, 021 976 1794 | Kanker diagnose | Herstel en bemoediging |
| Babs Cronjé | Fairtrees 17, 021 979 3019 | Operasie | Herstel en bemoediging |
| Magriet Roeland | Fairtrees 12, 072 715 1881 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Johan Esterhuyse | Manor on Lordswalk 1 | Herstel na hartaanval | Herstel en bemoediging |
| Vickie Esterhuyse | Manor on Lordswalk 1 | Rugoperasie | Herstel en bemoediging |

**Vir bydraes of versoeke, skakel Elize 021 976 4106**

**Om vrywillig deel te word van die kerk se algemene WhatsApp 'broadcast' groep stuur jou naam en van na: 071 529 9491**




Ysterplaat gemeenskapskerk bied elke jaar vir ongeveer 200 kinders tussen die ouderdom van 6-11 jaar 'n vakansieprogram aan.

Hierdie program behels 'n wye verskeidenheid van aktiwiteite, soos sing, dans, drama, speel, kuns en Bybellesse. Ysterplaat benodig egter 20 energieke hoërskoolleerders/jong volwassenes wat by hierdie geleent-heid elke dag kan dien as leiers.

Ysterplaat is 'n diverse maar komplekse gemeenskap wat uitdagings soos armoede en werkloosheid in die gesig staar. As gevolg hiervan is daar baie kinders wat swaarkry en op jong ouderdom op verkeerde plekke beland. Hierdie jaar gaan Durbanville Gemeente en Bergsig saam na Ysterplaat toe.

**Navrae: Scherlize Hayes Sel/ Whatsapp: 0728444771**
**E-pos: slizehayes@gmail.com**

**Vervolg van VOORBLAD …**

soms begin twyfel in God. Nie noodwendig in Sy bestaan nie, maar in Sy liefde vir jou as gelowige. Soms wonder jy selfs of Hy nie dalk van jou vergeet het nie. Aan die een kan beloof die Here vir ons dat Hy ons sal vashou en niemand sal ons uit Sy hand ruk nie en aan die ander kant worstel ons soms met ons eie emosies en gedagtes wat jou laat twyfel. Hoe moet ons dink oor die teks in Johannes 10:28 in die lig van die b.g.?

## IDENTITEIT in Christus-kursus

**As ek vir jou sou vra, "Wie is jy?" wat sou jy antwoord?**



**Ons sukkel baie meer met hierdie vraag as wat ons dink. 'n Christen kan en moet verseker weet WIE ons is in Christus.**

As jy dit nie weet nie gaan jy altyd NET dit glo wat jou ouers gesê het, wat jy by jou vriende beleef het of hoe jy oor jouself "voel."

God wil graag hê dat ons identiteit in Jesus gevestig sal wees, want dit is die ENIGSTE waarheid oor jou wat 'n EWIGHEID sal vasstaan.

Kom woon gerus die vier weke lange kursus by

"Die Omgeruilde Lewe" op:

Dinsdag 7 & Woensdagaande 15, 22, 29 Mei (Aanbieder: Pieter Henning) 18:30 - 20:30 en Vrydagoggende 10, 17, 24, 31 Mei vanaf 09:00 – 11:00 (Aanbieder: Ds. Johan Els)

Koste R100 (notas)

R250 (Volledige Handboek).

**Bel Ds. Johan Els vir meer inligting.**



## Senior huisbesoekkuiertee 70-75

Die huisbesoekkuiertee word gereël omdat ons nie by almal persoonlik kan uitkom met huisbesoek nie. Die groep het heerlik saam gekuier en mekaar beter leer ken. Wat n voorreg!








scan to donate now
zapper
donate with
VISA
and many more
www.zapper.com

**NG Kerk Durbanville-Bergsig**
021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za •
www.bergsigdv.co.za
**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers
**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550
**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551
**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00
Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.

SnapScan
Snap here to pay
https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527

**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za
**S33 48.966 018 39.728**
**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810